HESSEQUA
Local Municipality

PADWAARDIGHEID: IS JOU VOERTUIG SE LIGTE WETTIG?

LED-ligstawe is nie wettig op voertuie in Suid-Afrika nie. Die rede daarvoor is die regulasies rondom waar ligte monteer mag word. Alle ligte voor op ’n voertuig moet op ’n gelyke afstand van ’n denkbeeldige sentrale lyn sit. Om hierdie lyn te verstaan, trek ’n denkbeeldige streep van bo na onder deur die embleem op ‘n voertuig se sierrooster. Dit is die sentrale lyn en alle ligte moet op gelyke afstande aan weerskante van hierdie lyn sit. Die regulasie skep ’n probleem vir soliede LED-ligstawe en heelwat ligstawe word by toetsstasies afgekeur omdat dit in een lang strook oor die middelpunt van die voorkant van die voertuig aangebring is.

Gewone LED-hoofligte is egter nie ’n probleem nie. As ’n voertuig met LED-ligte uit die fabriek kom, is dit so deur die vervaardiger aangebring en voldoen dit reeds aan die vereistes van die Suid-Afrikaanse Nasionale Standaarde (SANS). Indien die ligstawe nie standaardtoerusting op ’n voertuig was nie, is dit moontlik nie deur SANS goedgekeur nie, word dit volgens die regulasies nie toegelaat nie.

’n Ligstaaf voor op ‘n voertuig is nie wettig in Suid-Afrika nie. Selfs al word dit slegs vir veldry gebruik en dit bedek word wanneer die voertuig op openbare paaie ry, kan ligstaaf jou in die sop laat beland. Die blote feit dat ’n ligstaaf op ’n voertuig gemonteer is, maak die voertuig onpadwaardig.

SANS kan jou voertuig om die volgende redes afkeur na ekstra ligte aangebring is:

As enige van die hoofligte nie op 150m duidelik sigbaar is in situasies waar voetgangers en voertuie nie op die afstand gesien kan word nie (bv. In die donker)

As enige enkele lig 75W oorskry.

As enige van die ligte gedeeltelik of heeltemal deur ’n deel van jou voertuig versteek word. Geen ligte mag so rondom jou sierrooster monteer word dat dit net halfpad agter die bosbreker uitsteek nie.

As enige van jou ligte laer as 450mm of hoër as 1.4m van die grond af is. As jy jou voertuig gelig het, sal jy dus weer moet gaan kyk of jou ligte se hoogte steeds binne die regulasies val.

Enige van jou hoofligte verder as 500mm van die voorkant van die voertuig sit, of meer as 400mm van die kant af.

Jy meer as drie ligte aan elke kant van die denbeeldige middellyn van jou voertuig het.

Jou hoofligte nie teen dieselfde intensiteit skyn nie.

Enige van jou ligte se lense of glas- of plastiekbedekkings gebreek of selfs net los is.

Jou ekstra ligte saam met die hoofligte gekoppel is.